

SONDAG: 22

VRAAG EN ANTWOORD: 57

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
Vraag: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?				
<p>Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie,</p>	1	Lukas 16:22	En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.	"Toe die arm man te sterwe kom, is hy deur die engele weggedra na die ereplek langs Abraham. Die ryk man het ook gesterwe en is begrawe.
		Lukas 20:37-38	En dat die dode opgewek word, het Moses ook in die gedeelte oor die doringbos aangedui, waar hy die Here noem die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob. Hy is tog nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes, want almal leef vir Hom.	Dat die dooies opgewek word, het Moses ook aangedui waar hy in die gedeelte oor die doringbos praat van 'die Here, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob'. Hy is nie 'n God van dooies nie maar van lewendes, want by Hom leef hulle almal."
		Lukas 23:43	En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.	Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."
		Filippense 1:21	Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.	want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.
		Filippense 1:23	Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;	Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;
<p>maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.</p>	2	Job 19:25-26	Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;	Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triumfeer! Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het, sal ek nog lewe en God sien.
	1	Korintiërs 15:53-54	Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.	Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: "Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal."
		Filippense 3:21	wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.	Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees.

	1 Johannes 3:2	Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.	Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is.
--	----------------	--	---